LAERSKOOL SAAMTREK

"Waar elkeen gelukkig is!"

Graad R/RR - 2011

Welkom by Laerskool Saamtrek - Graad R/RR

Ons vertrou dat dit die begin sal wees van 'n lang en gelukkige verbintenis van u as ouer en kind met Laerskool Saamtrek en sy Personeel.

Benodigdhede

- 'n Tas of sak met sy naam op, wat groot genoeg is om sy ekstra stel klere, prentjies, skoene, en kos in te bêre. Asseblief geen wieltasse nie, die rakkies is te klein.

- Sy / Haar eie kospakkie met byvoorbeeld 'n broodjie, vrug, koeldrank of sap in. U kleuter gaan ongelukkig nie toegelaat word om alleen snoepie toe te gaan om kos te koop nie. Die Snoepie word een keer per week in klasverband besoek.



Ter inligting

- **GRATIS** benodigdhede soos **alle** skryfbehoeftes, toiletware en opvoedkundige legkaarte word deur die skool voorsien.

  Elke ingeskrewe Graad RR en R-leerder ontvang 'n gratis Samies "Coolbag".

- **SKOOLDRAG** : Kleuters moet gemaklike **ou klere** aantrek sodat hulle lekker kan klim en klouter en bak en brou. Plaas maar 'n ekstra stel klere in die tas vir noodgevalle. Tydens uitstappies dra ons die SAMIE gholf-hemp (te kry by AK Bazaars) met 'n denim. In die winter enige rooi top saam met 'n denim.

- **MERK** asseblief u kind se tas en klere duidelik.

- **AMPTELIKE SKOOLURE** : Kleuters kan reeds vanaf 07:00 arriveer maar die program begin om 08:00. Die program eindig om 13:00, maar die kleuters is welkom om te bly totdat die Laerskool uitkom om 13:30. Geen skool tydens

skoolvakansies.

- **<u>SKOOLFOOIE</u>** : Skoolfooie is huidig R395,00 per maand vir 12 maande. U deposito word aangewend as die skoolgeld vir Januarie 2011 en indien daar 'n aanpassing is word slegs die uitstaande bedrag teen u rekening vir Januarie gehef. Skoolgelde is vooruitbetaalbaar.

Ons sien daarna uit om u en u kleuter by ons Gr R/Gr RR klas te ontvang.